

OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING



Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes vir al die Hons.B.Ed. programme in die Fakulteit Opvoedkunde word dit vir hierdie program **aanbeveel** dat voornemende studente:

- a) 'n Minimum van ten minste een jaar formele onderwyservaring in 'n Suid-Afrikaanse konteks het.
- b) 'n Minimum gemiddeld van 65% in die finale jaar van voorgraadse studies word vereis.

Seleksie

As gevolg van die gewildheid van hierdie program en die beperkte kapasiteit van die department sal 'n BEPERKTE aantal studente tot die program toegelaat word in 2023.

Sluitingsdatum vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie in die jaar voor toelating. Studente sal van die uitslag in kennis gestel word teen die einde van September 2022.

Programinhoud

Tans word die ondersteuning van die diverse behoeftes van leerders inklusief benader om aan alle leerders betekenisvolle deelname te bied. Die Hons.B.Ed. (Opvoedkundige Ondersteuning) bied 'n kombinasie van teorie en praktiese toepassing sodat jy as onderwyskundige leerders met diverse behoeftes kan onderrig, assessee en ondersteun.

Verdere studiemoontlikhede

Die Hons.B.Ed. is 'n voorvereiste vir die graad M.Ed. (Opvoedkundige Ondersteuning).

Verwys na die US Kalender (Opvoedkunde) vir verdere inligting oor die program:

<http://www.sun.ac.za/english/faculty/Pages/Calendar.aspx>

Hierdie program word in 'n GEMENGDE leer en onderrig modus aangebied.

Programkoördineerder, Prof D Daniels
doria@sun.ac.za

